

Die Waarheid oor die Wegraping

17 Oktober 2021



Die woord wegraping kom van die Griekse woord *harpazo* (αρπάζω) wat beteken om om te gryp, met geweld weg te neem, aan te gryp, gretig op aanspraak te maak, uit te ruk of weg te ruk.

Die wegraping is 'n kern begrip van die Christen Geloof wat deur 80% van alle Christene geglo word as waarheid. Jesus self beskryf vir ons die idee van 'n wegraping in Matteus 24:40-41 *"Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat."* Hierdie is 'n duidelike bewys dat daar skielik 'n verdwyning van siele gaan plaasvind, maar meer belangrik is Jesus se eie woorde in Johannes 14:2-3 *"^[2] In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. ^[3] En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."* Daar is geen groter bewys dat daar 'n wegraping van siele gaan wees as Jesus se eie woorde nie!

Later het Paulus die konsep van die wegraping met meer detail aan ons beskryf in sy send brief aan die gemeente van Tessalonisense in 1 Tessalonisense 4:13-18 *"^[13] Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. ^[14] Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. ^[15] Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. ^[16] Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. ^[17] Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. ^[18] Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."*

Dit is waar dat die woord "wegraping" nie in ons Afrikaanse Bybels voorkom nie, maar

dit kom wel voor in die oorspronklike Griekse geskrifte. Waarom die woord nie in ons Afrikaanse Bybels opgeteken is nie, is 'n raaisel, maar gelukkig word die konsep van die wegraping nog steeds aan ons verduidelik. Op soortgelyke wyse kom die woord *"drie eenheid"* ook nie in ons Afrikaanse Bybel voor nie, maar word die konsep van 'n drie-enige-God nog steeds aan ons verduidelik! Ek skat dat die Bybel vertalers van ouds hulle redes daarvoor gehad het en dat daardie redes vandag verlore is in tyd.

Die wat nie in die wegraping glo nie, beweer dis 'n teorie wat deur Christen Fundamentaliste versprei word wat direk stam uit die baie bekende fiksie reeks *"Hulle wat Agterbly"* soos geskryf deur Tim LaHaye en Jerry B. Jenkins. In die reeks word 'n fiktiewe verhaal vertel van 'n groep mense wat agterbly na die wegraping, hoe hulle agterna Christene word en hoe hulle deur die Antichris vervolgt word gedurende die verdrukking. Nog baie ander redes word aangevoer waarom daar nie 'n wegraping kan wees nie; te veel om hier te noem.

Om die waarheid agter die wegraping te kan verstaan, moet dit eerstens aan ons geopenbaar word deur die Heilige Gees en tweedens moet ons God en Jesus Sy Seun ken. Slegs deur Hom te ken, sal ons verstaan dat dit God se manier is om eers die wat aan Hom behoort voor die tyd uit die rampgebied te verwyder voor Hy Sy oordele laat geld. Die verdrukking is niks anders as God se wraak oor 'n wêreld wat Hom nie wil ken nie. Dis 'n reeks van oordele wat oor hierdie wêreld gaan kom soos in Openbaring 6-16 beskryf. Dis nie die Wil van die Vader dat die onskuldiges saam met die skuldiges gestraf moet word nie en dis waarom ons eers uit die ramp gebied verwyder gaan word voor die tyd.

Ons sien dit die eerste keer gebeur in die verhaal van Noag waar God vir Noag 'n ark laat bou het sodat hy en sy gesin die vloed gespaar kon bly. (Genesis 6-8) Noag was onskuldig aan dit wat in die wêreld gebeur het. Ons sien later weer hoe God dit wat Syne is beskerm toe Hy twee engele gestuur het om vir Lot en sy gesin uit Sodom en Gemorra uit te lei voor Hy dit vernietig het. (Genesis 19) Weereens was Lot en sy gesin onskuldig. Vir 'n derde keer sien ons hoe God dit wat Syne is beskerm in die verhaal van die Tien Plae (Eksodus 7-12) wat oor Egipte land gestuur was. Die plae het net die Egiptenare getref, nie die Israëliete nie alhoewel beide in dieselfde land gewoon het, want God het hulle beskerm. Dit is dus God se manier om dit wat Syne is eers uit die rampgebied te verwyder voor Hy Sy oordele laat geld, want God beskerm die onskuldige. Verstaan julle?

Ons wat Jesus die Seun aangeneem het, wie se sondes deur die Bloed van die Lam weg gewas is en daardeur geregverdig is, is die onskuldiges. Die oordeel van God oor hierdie wêreld gedurende die verdrukking, kom ons nie toe nie. Paulus praat daarvan in die volgende vier verse: Romeine 5:9: *"Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn."*, Romeine 8:1 *"DAAR is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie..."*, in 1 Tessaloniense 5:9 *"Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus..."* en laastens in 1 Tessaloniense 1:10 *"en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos."* Ons as Christene is dus VERLOS van God se toorn en nie bestem vir die oordeel wat tydens die verdrukking op aarde uitgestort gaan word nie en dis waarom eers weggevat gaan word.

Groter bewyse dat daar wel 'n wegraping gaan wees, kan 'n mens sekerlik nie kry nie, maar wag, daar is nog!

Die volle geweld van satan kan nie op hierdie aarde uitgestort word voor ons wat geregverdig is deur God nie eers uit die rampgebied verwyder is nie. Pauls skryf daar van in 2 Tessalonisense 2:7-8 ^[17] *Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; ^[18] en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,* Op hierdie oomblik staan die Bloed gewaste Kinders van God die openbaring van die Antichris tee, want die Heilige Gees in ons is sterker as die gees van misleiding van satan. Solank ons nog hier is, kan die Verdrukking nie begin nie en kan die Antichris nie geopenbaar word nie. Daar MOET dus eers 'n wegraping wees. Daar is geen ander keuse nie. *“Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie.”* (2 Tessalonisense 1:8)

Om op te som: 'n Ouer straf tog nie sy kind as die niks gedoen het nie. Jy gaan tog nie tronk toe vir 'n misdad wat jy nie gepleeg het nie. Waarom sal die Here dan toelaat dat ons as Christene deur die verdrukking gaan as ons dan deur sy bloed verlos is? Die Bybel oorbeklemtoon in Romeine en Tessalonisense dat Christene nie bestem is vir God se oordeel nie. Waarom sal daar nog 'n sweempie van twyfel by u wees?

1 Korintiërs 15:52 sê dat die wegraping **skielik** gaan gebeur: *“in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; ”* Jesus sê in Lukas 21:35 sê vir ons: *“Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon.”* Net om te vergelyk; 'n oogknip neem tussen drie en vier tiendes van 'n sekonde. Dis hoe vinnig baie gaan uitvind dat die Bybel nog die hele tyd reg was! Is jy gereed? Dis nog nie te laat om jou saak met die Here reg te maak nie. Moet asseblief nie uitstel nie..

Vir ons wat reeds gered is, waarsku Jesus ons in Lukas 21:34 om nie af te koel nie: *“MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie.”* Baie van die wat gered is het teruggeval in die wêreld. As u as Christen afgekoel het, nie meer u Bybel lees of bid nie, dan kan u nou u altaar opbou en regmaak wat verkeerd is. Lukas 21:36 sê vir ons *“Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.”* Waak dan en sorg dat u lampie gedurig vol van die olie van die Heilige Gees is! Prys die Naam van Jesus!

Wil u waardig wees om die dinge wat kom te ontvlug? Waak dan teen die listigheid van satan en bid vir genade en beskerming van die bese!

Vir die van julle wat nog twyfel, maak 'n keuse en maak dit nou. Jesus sê *“Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.”* (Openbaring 3:20) Jesus wag vir jou, maar die keuse is joue en joune alleen om te maak. Niemand kan dit vir jou maak nie, behalwe jy.

Die tyd is besig om uit te loop en binnekort gaan dit te laat wees. Die verdrukking wat gaan volg gaan geen grap wees nie en die kans op oorlewing gaan uiters skraal tot

onmoontlik wees. God gaan hierdie wêreld presies gee wat dit nog altyd wou gehad het. 'n Wêreld sonder God, 'n wêreld sonder genade, 'n wêreld sonder gewete, 'n wêreld waar almal maak soos hulle wil, wanneer hulle wil. Dit gaan 'n wêreld wees sonder liefde, sonder gevoel vir ander, waar mense lewens goedkoop is. Asseblief, ek smeeek by u, maak u saak met die God van Hemel en Aarde reg! Gaan nou op u knieë en bid vir vergifnis. Dis nog nie te laat nie.

Prys die Naam van Jesus!